



# HABARI 2014

Newsletter of the Friends of East Africa  
Nuusbrief van die Oos-Afrika Vriendekomitee



## INHOUD / CONTENTS

- |    |  |
|----|--|
| 2  | Editor's page  |
| 3  | Deceased   |
|    | Letters  |
| 5  | Die Kenya Boerepionier AF Arnoldi — Magriet Dooreward                    |
| 7  | <i>The Red Pelican</i> . Book review.                                    |
| 9  | My Maatjie, Maryna Korff – 13 Junie 2014 — Suzette Blanché Diedericks    |
| 10 | Old Doinyo Lengai: Berg van God — Neels van Rooyen                       |
| 21 | Hoe Van Riebeeckskool, Thomson's Falls, begin het — Toppie vd Westhuizen |
| 23 | <i>Die Nuustak</i>   |
| 24 | Die aap op die dak   |
| 32 | Returned to Sender / Terug aan Sender                                    |



**Kenia Saamtrek**  
Saterdag 4 Oktober 2014  
Voortrekkermonument se ontspanningsterrein /  
*Ons sien mekaar daar!*  
**Kenya Get-together**  
Saturday 4 October 2014  
at the recreation area of the Voortrekker Monument  
*See you there!*  
*Lees die Redakteursbrief vir nadere aanwysings*  
*Read the Editor's letter for more specific instructions*

Dear English Readers,  
One never knows how things will turn out, language-wise, with Habari. Sometimes most of the articles are English. At other times (more seldom, but as in this issue) we have loads of Afrikaans and less English. Please take heart, if you have problems reading the Afrikaans. We plan to have the Afrikaans parts translated into English, and then to publish the final product on the web.

Please send us your e-mail address if you prefer getting the Habari in that format.

#### EDITOR'S LETTER / REDAKTEURSBRIEF

Beste Oos-Afrikaners

Baie dankie aan almal wat artikels en foto's gestuur het. Stuur gerus nog meer, ons plaas graag soveel as wat ons kan.

Laat ons asseblief weet: verkies u 'n groter lettertipe vir die drukwerk, of kan u maklik die een lees wat ons hier gebruik? Stuur 'n vinnige e-pos.

Ons kom weer by die Voortrekkermonument byeen: Na deur die hek is, draai regs en houreguit aan. Die kuierplek is net ná die Monument, die oop saal op linkerkant.

*Dear East-Africans*

*Thanks to everyone who sent articles and photographs.*

*Please keep sending. We gladly use all everything we get.*

*Please let us know whether you find this font easy to read, or whether you prefer a larger one. Send a quick e-mail.*

*We meet again at the Voortrekker Monument. After the gate, turn right, past the Monument on the left, and you'll find the open hall just after that, also on the left.*



#### Vyf lede van die Oos-Afrika Vriendekomitee

**Agter, Inr:**  
Krike van Heerden, Elsie Cloete  
**Voor, Inr:** Janssen Davies, Danie Steyn, Rina Helberg (gebore Mouton).

Donations are always welcome and helpful. U kan in die volgende rekening deponeer: Oos-Afrika Vriendekomitee / Friends of East Africa Committee Acc no/Rek no 080602405 Absa Hercules. Die takkode vir alle Absa takke is dieselfde 632 005 is the code for all Absa branches.

#### East Africa Friends Committee Oos-Afrika Vriendekomitee

Danie Steyn (Chairman/  
Voorsitter) 012 664 5349  
Posbus 17074, Lyttelton, 0140.  
Mobile: 083 2716 378  
danie@agriskills.net  
danie@mweb.co.za

Eddie de Waal (Editor/Redakteur,  
HABARI) 628 Keerom Street,  
DASPOORT 0082  
Cell: 0766049177  
e-mail: eldugar@gmail.com

Krike van Heerden  
Pieter Pieterse  
Beta Pieterse  
Dorie Boshoff  
Elsie Cloete  
Janssen Davies  
Jan Boshoff  
Piet Prinsloo  
Isabel Prinsloo  
Rina Helberg

#### PLEASE us your e-mail address Stuur ASSEBLIEF u e-pos adres

The cost of postage is going up and up. To counter this, we have started issuing the Habari via e-mail.

It works well – it is fast, you can see all the colour there actually is, you can enlarge it on the PC screen, and you can share it easily.



Ou NH Kerk in Afrika kerkgebou in Eldoret

### OORLEDE / DECEASED

Baie dankie aan Rina Helberg wat die volgende lys van oorledeenes saamgestel het.

Laat ons asseblief weet as ons enige name uitgelaat het wat nog nie gepubliseer is in vorige Habari's nie.

Die name is alfabeties gerangskik, volgens van.  
*Many thanks to Rina Helberg who compiled the list below.*

*Please let us know of any names of deceased that have not yet been published in a Habari before.*

*The names are in alphabetical order, according to surname*

**Botha** Teuns

**Brendon** Mary

**Bristow** Des 2013

**De Nysschen** Sophie 2012

**Els** Mev J M 2010

**Enslin** Mev B 2009

**Germishuyzen** Tant Martie

**Geyser** Edie

**Joubert** Kol Hennie 2012

**Koekemoer** Niek

**Korff** Maryna

**Louwrens** Johan 2013

**Maarschalk** J

**Prinsloo** Pieter 2008

**Toerien** M C 2011

**Van Daele** Freda

**Van Deventer** N B 2012

**Venter** Jan 2013

**Vorster** Ralie 2011

**Welmans** Salomé 2013

### DEE DAVIES WRITES Researching family history

I am researching my East African roots and wondered if your readers could possibly put the following request in your newsletter?

In the past few years I have been researching my East African roots on behalf of my grandmother, who sadly died last year. She was Cecilia Jacoba Venter (nee Hitchcock), born 1919 in, or near, Arusha, the daughter of Charles Thomas Hitchcock and Anna van Emmenis. I believe Charles Thomas Hitchcock was born in 1884 in Cape Town and was the son of Charles Zulch Hitchcock and Helena Josina Briers. Anna van Emmenis was born in 1895 (I believe in the Transvaal) and came to East Africa with her parents Hendrik van Emmenis and Cecilia. I am told she arrived in East Africa when she was 9 or 10. I have a hunch that they may have arrived as part of the Pieter Joubert trek, but I can't prove anything at this stage. I have pictures of the family farm at Oldeani, but believe that the family left there and went to South Africa some time after the death of Charles Thomas Hitchcock in 1948.

Cecilia married Johannes Nicolas Rudolf Venter who was born, I believe, in 1915. His father was Paul Venter who died in a British internment camp in Egypt in 1916/17 and a postcard home

addressed to Frau Jakoba Venter leads me to believe that my great-grandmother may well have been called Jakoba.

I understand that, after the death of Paul Venter, Jakoba went on to marry a gentleman called McDonald who subsequently committed suicide, according to family tales.

Sadly, my grandfather Nicholas died in 1948 from a complication of malaria picked up during his service in WW2 and Cecilia moved to work on a farm on the slopes of Kilimanjaro, where she stayed until 1964. Johannes and Cecilia had two children - Anna Francina Venter (my mother) and Matheus Jacobus Venter.

Unfortunately my knowledge of the Venter side of my family tree is even more sketchy than that of the Hitchcock and Van Emmenis sides.

I do know that Anna van Emmenis had a younger brother called Stefanus van Emmenis who married Marie Venter, the sister of my grandfather Johannes Venter. Marie later went on to marry Roy Egerton after the death of Stefanus.

If anyone can help with information regarding these families I would be eternally grateful. It's too late for my grandmother but I would very much like to fill in the blanks for my Uncle. Please email me at:

[dee.familyhistory@googlemail.com](mailto:dee.familyhistory@googlemail.com)

January 2014

**MALCOLM MEINTJES WRITES** [Until recently the Habari still came] addressed to my Mum, Mrs Letitia Meintjes of 16 St John Road, Hurlyvale, Edenvale but she unfortunately passed away some years ago. I didn't make any changes because of sentimental reasons.

My dad was Plewman Meintjes who, as a little boy, went to Kenya in 1927. Later he played rugby for Eldoret and Railways. My mum actually worked for the South African Trade Commissioner in Nairobi. They met in Eldoret and were married there. I was born in Nairobi and went to school at Westlands and Kilimani.

## Die Kenya Boerepionier A.F. Arnoldi<sup>1</sup>

saamgestel deur  
**Magriet Doorewaard**

In Augustus 1905 reis Anné Francois (oftewel Frans) Arnoldi en sy seun Edzard saam met die drie Van Breda broers (Bon, Piet en Dirk) na Brits-Oos-Afrika (huidiglik bekend as Kenya). Bon het reeds in 1903 die Uasin Gishu plato verken waar die meeste Boere vanaf Suid-Afrika hulle later sou vestig. Op daardie tydstip het Bon slegs na Suid-Afrika teruggekeer om sy broers te haal sodat hulle elkeen 'n plaas van 5 000 akker op die plato kon uitneem om te begin boer. Frans het hulle vergesel met die uitsluitlike doel om die omgewing te verken met die gedagte van moontlike verhuisning later.

Frans (gebore in 1864) was die seun van dr. B.G.A.D. Arnoldi, die eerste geregistreerde geneesheer in die destydse Z.A.R. Die Arnoldi gesin het in Pretoria gewoon waar Dr. Arnoldi nie net gepraktiseer het nie, maar ook 'n neweverdienste moes nahou as posmeester en heemraad. Hy was ook lid van die Vrymesselaars en skynbaar is sy "forse gestalte met die welige swart baard" te sien op 'n foto van een van die vroeë Vrymesselaarsgroepe van Pretoria.<sup>2</sup> Frans Arnoldi self was as volwassene 'n tyd lank myninspekteur in Johannesburg en het later die pos beklee van hoof doanebeampte vir

<sup>1</sup> Die meerderheid inligting hier weergegee is verkry uit die ongepubliseerde M.A. verhandeling van L.J.S Changuion, 1975. *Die verhuisning van Boere na Oos-Afrika*. Universiteit van Pretoria, Pretoria. Ander bronne hier weergegee word individueel so aangedui.

<sup>2</sup> Engelbrecht, S.P., Agar-Hamilton, J.A.I., Pelzer, A.N. & Behtens, H.P.H. 1955. *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad Pretoria*. Stadsraad van Pretoria. Pretoria.

Swaziland. Frans was getroud met Annie Bierman, 'n suster van Margaretha Bierman wat getroud was met Eduard Hugo de Waal, die Inspekteur-generaal van invoerregte van die ZAR.

Tydens die Anglo-Boereoorlog het Frans onder genl JH de la Rey geveg en na die afloop van die oorlog besluit om Suid-Afrika te verlaat. Heelwat Boere het toe reeds geëmigreer na Argentinië en aanvanklik wou Frans ook soontoe verhuis. Terwyl hy in Kaapstad onderhandel om vervoer daarheen te bewerkstellig, praat sy vrou hom om dat hulle liever in Suid-Afrika moes bly. Die Arnoldi gesin het toe vir ses maande op Hermanus (in die Kaap) gewoon waarna hulle terug is na die Transval.

Op Bethal het hy vir 'n tyd lank 'n besigheid besit wat hy in Maart 1905 van die hand sit. Hy het wel egter tot einde Julie van dieselfde jaar in die Bethaldistrik aangebly en met skape geboer.

## Frans Arnoldi het die protektoraat Brits-Oos-Afrika deurreis en ook die Uasin Gishu Plato besoek

Waarskynlik was dit hier waar hy in aanraking gekom het met mense wat van plan was om na Oos-Afrika te trek. In 1905, tydens 'n besoek aan Durban, ontmoet hy vir Piet van Breda wat hom saamnooi na Oos-Afrika om die land te gaan verken.

Frans het die protektoraat Brits-Oos-Afrika deurreis en ook die Uasin Gishu plato besoek. Sy keuse het egter geväl op 'n stukkie grond in die Naivasha-distrik. Hierdie keuse was moontlik gegronde op die feit dat die grond naby die spoorweg

geleë was. Tydens sy onderhandelinge met die owerhede, word drie phasen van 5 000 akker elk, vir hom gereserveer. Hy koop 1 200 skape en 40 beeste aan en laat sy seun Edzard agter om na die vee om te sien en keer self terug na Suid-Afrika om die res van die gesin te gaan haal.

Ten spyte van Annie, Frans se vrou, se onwilligheid om die land te verlaat, vertrek die gesin tog op 8 Februarie 1906 vanaf die Uitkyk-stasie naby Middelburg na Lourenço Marques (huidiglik Maputo) om vandaar met 'n skip van die Austrian-Lyods redery na Oos-Afrika te reis. Frans en Annie se twee dogters en twee seuns Frank en Bertie (Edzard was reeds in Brits-Oos-Afrika), het die reis meegemaak. John de Waal, die seun van Eduard Hugo de Waal het ook saam met die Arnoldi's getrek. Die Arnoldi's het twee waens, 'n ploeg en baie gereedskap saamgeneem en was as vemoënde mense goed toegerus vir die boerdery taak.

Teen die einde van Februarie 1906 het hulle aan wal gestap in Mombasa waarvandaan hulle verder per trein reis tot op Naivasha waar hulle tydelik gekampeer het terwyl Frans verder onderhandel oor die grond wat hy gereserveer het.

Tydens sy verkenningsreis in 1904, het Frans onderhandel met Sir Donald Stewart wat Sir Charles Eliot in 1904 as kommissaris van Brits-Oos-Afrika opgevolg het. Tydens hierdie onderhandelinge is ook aan Frans belowe dat indien hy 200 gesinne kon saambring, elkeen 'n plaas sou ontvang. Met die Arnoldi-gesin se aankoms daar in 1906, moes hulle verneem dat Stewart skielik op 1 Oktober 1905 oorlede is en totdat Sir James

Hayes Sadler as kommissaris kon oorneem, was Adjunk-Kommissaris F.J. Jackson waarnemend in dié pos aangestel. Jackson en Claud Hollis, die goeweneur se privaat-sekretaris, was die Boere nie goedgesind nie en het die beloftes wat aan Arnoldi gemaak was, totaal geïgnoreer – met die gevolg dat Sadler glad nie bewus was van die onderhandelinge toe hy as kommissaris op 12 Desember 1905 oorgeneem het nie. Hollis wou ten alle koste verhoed dat 'n groot aantal Boere die land binnekomm, dus was daar geen sprake van 200 gesinne wat plase sou kry nie. Boonop was Frans die drie gereserveerde plase kwyt wat hy uitgesoek het. Piet van Breda het Frans toe aangeraai om aansoek te doen vir grond op die Uasin Gishu plato. Eers in September 1906, met die aanstel van Sadler in die pos as kommissaris, is Frans se aansoek om 'n plaas op die Plato goedgekeur.

Dit was egter die Arnoldi's nog steeds nie beskore om dadelik na die Uasin Gishu te trek nie aangesien die Nandi-opstande van 1903-1905 nog nie behoorlik onder beheer was nie. Frans het toe besluit om voorlopig grond te koop by J.J. Toogood naby Nakuru aan die Menengai krater. Die voorbereidings om na Nakuru te trek, het weke geneem, maar uiteindelik kon hulle teen die einde van 1906 Naivasha verlaat.

Die trek vanaf Naivasha tot Nakuru het uiters stdig beweeg aangesien hulle telkemale moes pad maak. Veral by Gilgil het die afgronde vir hulle baie probleme veroorsaak. Die totale afstand van 80 kilometer het hulle vyf weke geneem om af te lê. Weldra het die Arnoldi's 'n boerdery op Nakuru aan die gang gekry en mettertyd oor 'n groot kudde beeste beskik. en meer as 2 000 skape. Ooskuskoors het egter sy

tol geëis.

In 1907 het Frans besluit om sy vee na sy grond op die hoëliggende Uasin Gishu te neem. Frans het sy seun Frank, toe slegs 14 jaar oud, op Nakuru agtergelaat om die plaas te onderhou terwyl hulle die eerste wa-trek na die Uasin Gishu aangepak het. Dit het swoeg en sweet gekos om daar uit te kom aangesien hulle hul weg moes vind tussen digte, inheemse woude en bamboebosse. Inderwaarheid het dit hulle twee maande geneem om tot by die Van Breda broers se plase op die Uasin Gishu uit te kom.

### **Teen die einde van 1907 was die Nandi's weer in opstand; Bon van Breda word vermoor**

Teen die einde van 1907 was die Nandis weer in opstand, Bon van Breda word op sy plaas vermoor en die owerheid raai die Arnoldi's aan om voorlopig terug te keer na die plaas op Nakuru. Dit is skynbaar op dié plaas waar die Arnoldi's hul gasvryheid getoon het toe die Van Rensburg-trek se mense, wat op 6 Julie 1908 in Mombasa aangekom het, op 18 Julie Nakuru bereik. Frans het aangebied dat die trekgeselskap op sy plaas kampeer tot tyd en wyl hulle gereed was om die lang trek per ossewa tot op die Uasin Gishu te onderneem. Hulle het ses weke lank op Frans se plaas gekampeer.

Terwyl die Van Rensburg-trek nog by Frans gestaan het, sluit ds. J.M. Louw by hulle aan. Op Saterdag 29 Augustus 1908 word die NG gemeente "Vergenoeg" daar gestig. Frans was verkies as

een van die diakens en was die gemeente se eerste Skribakkassier.<sup>3</sup> In 1909 arriveer die Von Maltitz-trek en ook hulle gaan vir 'n tyd lank huis by die Arnoldi's alvoor hulle die vermoede trekkpad aandurf na die Uasin Gishu. Daar kan vir seker aanvaar word dat ook ander nuwe aankomelinge in die land met ope arms in hul huis verwelkom was.

In Oktober 1909 besluit die Oud-inspekteur-generaal van Invoerregte van die ou Z.A.R., Eduard Hugo de Waal, om sy seun John, na Brits-Oos-Afrika te volg. John de Waal het, soos reeds genoem, reeds in 1904 saam met die Arnoldi's na Brits-Oos getrek. Annie, Frans se vrou, was die suster van Margaretha Bierman wat met Eduard Hugo de Waal getroud was.

Eduard de Waal, vergesel van sy vrou en drie kinders, arriveer in November 1909 in Mombasa en reis tot op Nakuru waar hulle aansluit by die Arnoldi's. Vandaar trek die twee gesinne saam na die Uasin Gishu. Die De Waals het hul aangesluit by hul seun John, terwyl die Arnoldi's na hulle eie plaas gegaan het. Beide gesinne was weldra bekend as suksesvolle boere. Kok<sup>4</sup> beskryf in sy dagboek Arnoldi se groentetuyn as volg: "Arnoldy [sic], hy wys ons {sy} groentetyn. Daar was in kopkoolstronk. Ik staan op die stronk. Ik kon hom nie aftrap na die grond, zoo dik en sterk was hy. Ook de erte. Ik tel een rank op – sewe voet hoog".

*Vervolg op p6*

<sup>3</sup> Oos-Afrika Vriendekomitee. 1979. *Jambo Sana Habari* p5.

<sup>4</sup> Doorewaard, M. 2011. *Trekkerslewe in Brits-Oos-Afrika: 'n Joernaal uit 1911*. STN drukkers. Pretoria. p25.

Ongelukkig is mev. Arnoldi ontydig oorlede. Changuion<sup>5</sup> gee die datum van haar afsterwe aan as 10 Mei 1910 terwyl Kok<sup>6</sup> in sy dagboek aandui dat hulle op Vrydag, 16 Junie (1911) Arnoldi se vrou begrawe het: "Ik was op de begrafnis. Daar was veel menschen. Zy is aan de water dood."

Hoe moeilik haar dood ookal vir Frans moes wees, het hy steeds sy volle gewig ingegooi by die Boeregemeenskap. Só was dit dat Frans beswaar gemaak het toe Lord Cranworth in sy publikasie *A Colony in the making* (1912: p83 in Changuion) na die Boere verwys het as 'n "solid mass of utterly disloyal colonists, speaking their own language and having their own church and who now have the insolence to demand a Dutch education at Government expense". Arnoldi het onmiddelik hierop gereageer deur 'n brief aan die redaksie van die *East African Standard* te rig waarin hy onder andere uitspel dat elke individu die demokratiese reg het om self oor sy taal en geloof te besluit. Skynbaar het hy bygevoeg: "...the Boers, both in South Africa and here are deeply sensible of their obligations as subjects of the Crown, and in hour of their country's need their services will not be found wanting".<sup>7</sup>

Vir Frans was dit nie ydele woorde nie – hy het opgevolg wat hy gesê het en voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was hy reeds "a valued member of the Convention of Associations, better known perhaps as the *Settler's Parliament*". Frans was een van vier afgevaardigdes wat die "Uasin Gishu Farmer's Association" verteenwoordig het

en hy was ook die aanvoerder van die Belfield Scouts, 'n berede eenheid van die "East African Mounted Rifles". Tydens die Eerste Wêreldoorlog het hy ook sy belofte gestand gedoen deur vrywilliglik aan te sluit om die wapen op te neem teen die Duitsers. Skynbaar het Arnoldi die volgende ope brief in beide Engels en Afrikaans laat plaas in die *Leader of British East Africa*, 13 October 1914:11:<sup>8</sup>

Now dear friends, it becomes us, firstly, to show our loyalty in word and deed to our King and the present government; secondly, by such loyalty to support the hands of the Botha Government in South Africa in that we, as Boers, will and shall keep ourselves faithful and loyal to our present Government, and especially to aprove of the upholding of Great Britain's prestige ... As most of you are aware, I have been resident in this country for ten years, and I must honestly and truly declare that I have always been treated with the greatest consideration, and now the day has arrived for us to show that we are worthy to be subjects of His Majesty King George the Fifth ..." Onder sy leiding het ongeveer 90 Boere aangesluit by die "Arnoldi Scouts".

## Arnoldi het in 'n skermutseling teen die Duitsers gesneuwel

Volgens Changuion het Arnoldi op 8 Desember 1915 in 'n skermutseling teen die Duitsers by Maktau naby die Duitse grens gesneuwel terwyl Du Toit die

jaartal aandui as 1916.

Die volgende berig verskyn op 11 Desember 1918 (p6) in die *Leader of British East Africa*.<sup>9</sup>

It is noteworthy that the two [verwysende na Frans Arnoldi en Christiaan Johannes Cloete wat in 1912 oorlede is] most prominent and most active and intellectual personages this colony has gained among the Dutch settlers should both now be lost to us. Du Toit brei verder uit deur te meld dat [T]hese had been men who moved with ease in public cicles, who were outgoing and interested in protectorate-wide affairs, and who spoke English well.

Daar word aanvaar dat Frank (oftewel Frans Johan) Arnoldi voortgegaan het om op die plaas naby Nakuru te boer. In die Habari uitgawe van 1985 (skrywer onbekend) verskyn die volgende huldeblyk:

*Oom Frank is bekend vir sy leeueaandeel in die onderwys. Dit is deur sy toedoen dat die Rumuruti Skool gesluit het en die kinders na die Nakuru skool oorgeplaas is. Die onderwysinspekteur het wel die skool op Rumuruti gesluit en ongeskik verklaar vir gebruik, maar was nie bereid om die Afrikaanse kinders in die Nakuru skool te aanvaar nie ... Na groot gesukkel is hulle toe aanvaar ... Oom Frank was nie bang vir enige amptenaar nie. Selfs die goeweneur moes dit ontgeld toe hy nie bereid was om hom 'n onderhoud toe te staan nie. Hierdie deursettingsvermoë van Oom Frank was goed bekend.*

*Frank se plaas was in die Laikipia- distrik geleë naby die*

<sup>5</sup> Sien bronverwysing op die eerste bladsy.

<sup>6</sup> Sien Doorewaard 2011 p34.

<sup>7</sup> Sien Changuion, L.J.S.

<sup>8</sup> In Du Toit, Brian M. 1998. *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*. Bergin & Garvey: London. p99-100.

Vervolg op p7

<sup>9</sup> Sien Du Toit p102.

meer waar hy sy naam vandaan kry, Olboloso. Hy het met beeste, Merino skape, koring en pyrethrum geboer. Frank het op die Production Board; die Finansiële raad van die KFA; op die Agricultural Board en op die Nakuru School Board gedien. Hy is oorlede op 28 Oktober 1984.

Moontlik is Frank in Suid-Afrika oorlede aangesien die meerderheid nasate van die Boerepioniers in die vroeë 1960s teruggekeer het na Suid-Afrika as gevolg van politieke skommelinge in Kenia. In alle geval, Arnoldi 'n familienaam om op trots te wees. Ω


## The Red Pelican – great read!

By Eric Calonius

*I just finished **The Red Pelican**—and what a great read it is! There's not a memoir in my recent memory that I enjoyed more. I couldn't wait to pick it up and plunge into the next chapter.*

What fascinated me most about the book is that it's a glimpse into the final, glorious years of the British Colonial Empire. In this case, we have a dashing 21-year-old Oxford graduate, heading down a hippopotamus-choked river aboard a creaky, wood-burning steamboat to the most remote colonial outpost in Africa. What he finds are tall, willowy, stark-naked tribesmen that he whips into a proper British contingent, one that he soon leads into battle against the Italian army on the Sudan-Ethiopian border. That's just the beginning of a series of stories that unfold against the magnificent natural beauty of East Africa—all based on 1800 pages of diary notes that Lyth had inscribed during those years, in perfect, tight script, and, it is apparent, with a great sense of poetry and style.

The Red Pelican, published by Old Africa books, is available from amazon.co.uk for £9.99 plus shipping (kindle version £5.09) or from amazon.com for \$15.99 plus shipping (kindle version \$7.99).



Jon Arensen

## The Red Pelican book review from Houghton College

Professor Jon Arensen's new book, *The Red Pelican: Life on Africa's Last Frontier*, follows the work and ministry of Dick Lyth, British military officer assigned to fight against the Italian army during World War II. After the war, he was District Commissioner for the Sudanese government, living with the Murle people and learning their language and culture.

Dr. Paul Shea, professor emeritus of missions at Houghton College writes, "[I] just read the book for a

second time... It is loaded with significant information and some exciting drama. Arensen's trilogy has opened windows on one of the least known parts of Africa. A naturalist would relish the references to wildlife. A geographer would go back to her maps and check out the landscape. A

missionologist would compare notes with some of Africa's past greats. Adventurers and romantics can find little nuggets of delight."

"I was able to work with Dick's family and use his private journals to really understand what challenges he faced on a day-to-day basis, along with various victories, great and small," explained Arensen.

Arensen has spent much of his career working in the same Sudanese region, and credits Lyth with opening the doors of communication with the Murle people.



Dick Lyth Source: lythnews.blogspot.com

Review continues on p8

Jon Arensen



Source: <http://www.jonarenSEN.com/>

*Red Pelican book review continued.*

Though classified as history, the book reads more like a novel than a historical account. J. Brady Anderson, Former U.S. ambassador to Tanzania and administrator of the U.S. Agency for International Development states, “This book is a great read – full of adventure, love and war. The author’s deep knowledge of this isolated part of the South Sudan, its culture and history, enable him to draw the reader into the story as a participant rather than an observer.”

The title of the book comes from the Murle name given to Dick Lyth: Kemerborg, meaning “red pelican.” Arensen writes, “I first heard of Kemerborg when I visited the Boma Plateau in 1976. The highland Murle and the Kichepo were fighting and there was serious unrest in the area. However, both sides said they would stop fighting immediately if Kemerborg came back. They still remembered the peace ceremony that had taken place in the 1940s with Kemerborg accepting the role of peacemaker.”

Arensen was raised in Africa and thus introduced to African languages and cultures from a young age. Early in his career, he taught in Kenya and then moved on to Sudan, working under the Summer Institute of Linguistics (SIL)



Dick Lyth graduated from Oxford University in 1939 at the age of 21 and went to southern Sudan. With the start of WWII he signed up with the Sudan Defense Force. Lyth was given the rank of Major and sent to the Ethiopian/Sudan border to attack the incoming Italian forces and prevent them from reaching the Nile River. He trained 120 local warriors and waged a successful guerilla war – striking, withdrawing and eluding the Italian forces. After the war Lyth became District Commissioner over the Murle region, an area of 50,000 square miles. The Murle named him Kemerborg, meaning **Red Pelican**. During the 10 years he served as District Commissioner, Lyth played many roles including judge, linguist, explorer, hunter, husband, father, anthropologist and peacemaker. His story is an epic tale of courage, daring and love.

*This book is a great read – full of adventure, love and war. The author’s deep knowledge of this isolated part of South Sudan, its culture and history, enable him to draw the reader into the story as a participant rather than an observer. The story focuses on Dick Lyth, a British officer who served first at a time of war and then as an administrator during the last days of the British Empire in Africa. His faith guided him through times of separation, suffering and deprivation. His respect and sensitivity toward African traditional peoples can serve as a guide for those who find themselves in cross cultural situations.”*

J. Brady Anderson,  
Former US Ambassador to Tanzania and  
Administrator of the US Agency  
for International Development

ISBN 978-9966-757-07-4



as a linguist surveying various languages. His research resulted in a master’s degree from Central Washington State University. From there, he spent eight years living with the Murle people in eastern Sudan, studying their language and culture. During these years, he attended Oxford University, earning an additional master’s degree as

well as a D. Phil. in Social Anthropology. His work with the Murle people continued until a complete New Testament was published in their language.

*Two other related books written by Arensen are “Drinking the Wind” 2010 and “Chasing the Rain” 2011. All three books are available at [www.amazon.com](http://www.amazon.com) and [amazon.co.uk](http://www.amazon.co.uk)*

## My Maatjie, Maryna Korff

### 13 Junie 2014

**M**aryna, ons het in 1953/ 1954 ontmoet. Toe was jy 3 en ek was 4 jaar oud.

Onthou jy nog jou pa het Vrydag aande (of dalk Saterdagaande) 'Cowboy' fleiks by julle huis gewys? Dan het almal in die omgewing gekom. Die vrouens het almal toebroodjies en sop gebring. Jou ma was altyd besig om jou lang swart hare te borsel en te vleg wanneer ons daar aangekom het. Jy het voor die spieël in jou pa en ma se kamer gesit, en ons kinders het by jou kom staan. Ek en my sussies het almal ligbruin hare gehad, maar dit was nooit so lank soos joune nie.

Onthou jy julle papegaai, die African Grey, Kizuku? Hy het jou geroep nes jou Ma: 'Meitjie.' Ons het later jare langs julle kom bly. Jy het vreeslik graag by ons kom speel. Ons het boom geklim en grote gegrawe – goed wat jou ma jou nooit sou toelaat nie. Dan roep Kizuku jou! Jy was dan sommer vies vir jou ma, want dan moet jy huis toe gaan ... net om te ontdek dis die papegaai.

Eendag het jy by ons kombuis ingekom, my ma (Joey Blanche) was besig om brood te knie. Jy wou haar skrikmaak – en in jou doel geslaag. Sy het só geskrik dat sy omgevlieg en jou 'n klap met haar deeghand gegee het. Mens het net deeg sien spat. Ek weet nie wie het die grootste geskrik nie! Ná die skrik was dit 'n groot grap.

Ons vullisgat was ons 'vliegskool'. Dit was redelik diep en dit was lekker om daar in te spring en met flappende arms te 'vlieg'. Jy wou ook vlieg ... en daar sny 'n glass-tuk jou voet oop. Jou ma was baie kwaai en my ma moes toe jou voet dokter sodat jou ma dit nie

sien nie. Ons het amper 'n koppie suiker op jou voet gegooi om die bloeding te stop.

Jou pa het 'n dam laat skrop net onderkant julle huis. Daar was 'n sterk fonteintjie. Vakansies en naweke het ons lekker in die stroom gespeel wat uit die dam geloop het. Ons het 'brand my keeltjie' vruggies geëet wat langs die stroom gegroeи het. Eendag was daar 'n skilpad in die fonteintjie. My broer Johan was ingename met die fonds, en hom toe opgetel om met homte speel. Die skilpad was nie lus vir dit nie en het Johan lelik gebyt.

Kan jy vir Mrs Finithy (spelling?) van die Hill School onthou? Sy het 'n nagapie gehad. Ons het in die middae gekompeteer om sprikane te vang vir nagapie se kos. Dan het sy ons beloon met lekkers.

Ons het jou ma bewonder, want sy kon motor bestuur. Sy het ook elke dag vir my, broer Johan en sus Rina laat saamry skool toe. Wanneer sy ons in die middae in haar khaki-groen Peugeot kom haal het, het sy oppad huistoe eers by Mrs Ponty gestop om groente te koop.

Jou Oupa ... ou oom Hennie Korff, het siek geword. Hy wou nie dat jou ma hom help nie, en my ma moes afloop en hom gaan skeer. Ons kleinsus Marthie is toe gebore. My ma het my geleer om haar te bad. Toe het ek en jy een oggend vir die eerste en enigste keer baklei ... jy wou Marthie bad en ek wou nie dit toelaat nie.

Onthou jy nog jou marmotte? Jou Pa het vir jou twee gekoop, 'n groot hok met bakstene en draad gebou. Ons het bedags op die muurtjie gesit en hulle gekyk. Skielik was daar een oggend 'n klomp kleintjies. Na 'n paar maande het die twee marmotte gegroeи tot ver oor 'n honderd. Dit

was ook die einde van die troeteldier boerdery.

Die bediendes wat vir julle gewerk het, het kort-kort vir jou klein krimpvarkies gebring wat hulle in die veld gekry het. Dit was die mooiste diertjies – klein bondeltjies met klein pienk pootjies en skerp gesiggies.

Onthou jy jou *accordion*? Wat het daarvan geword? Ons het almal saam met jou geoefen en nooit musikante geword nie.

Ons het in 1961 Unie toe gekom en julle in 1960. Ons het kontak verloor. In 1964 toe ek in die hoërskool was, het iemand by die skool vir my 'n advertensie gebring waarin jy na my soek. Ons vriendskap het weer hervat. Julle het in Kendal en later in Warmbad gebly. Jy het ná skool begin verpleeg. Ons was toe penmaats. Sulke lekker dik briewe met nuus van al die nuwe ervarings ... jy in die hospitaal en ek in die Onderwyskollege in Pretoria. Ek moet sê, jy het 'n baie mooi handskrif.

En nou het jy stil geword. Ek mis jou al klaar. Want jy het alles geweet en almal geken. Elke Sondagaand se SMS en sommer in die week ook.

Maar ons sal mekaar weer sien. My ma het jou haar 'ander dogter' genoem, en was baie ongesteld, soos ons almal. Ons het maar almal gedink jy sal altyd daar wees.

My Goudvriendin  
Ek glo jy het vir my gebid.  
Of dalk het jy net stil gesit –  
Miskien het jy, terwyl jy werk  
Gehoop ek word weer binne sterk!  
Maar altyd was jy iewers daar  
Waar jy vir my 'n tydjie spaar  
Met groot verstaan en woerde min  
Bly jy verstaan.  
My Goudvriendin!  
Met baie liefde  
Suzette (Blanche) Diedericks

# OLDOINYO LENGAI

## Berg Van God



1

**Nairobi 1 Julie 2006**

Dwight Jessup vra: "Wie van julle gaan Lengai klim?"



2

**Die klimmers**


Van links na regs: Alfonso Wessels,  
Neels van Rooyen, Kay en David  
Neuhause (Americano)

In 2006 het Neels van Rooyen Oldoinyo Lengai gaan klim ...



**Die rooi is die roete gevolg tot by Lengai en die blou is die terugroete.**

**Die Roete vanaf Nairobi in Kenya tot by Oldoinyo Lengai in Tanzanië**



### DAG 1 Grensformaliteite

(Wie sê pienk is nie vir vragmotors nie!)

### NEELS VAN ROOYEN SKRYF:

**E**k is 'n oud Oos-Afrikaner vanuit Tanganyika waar ons familie (Die Van Rooyens - Kerneels) tot so onlangs as 1974 op Essimengor geboer het.

My kennis van die Keniane is ongelukkig beperk tot enkelinge soos die Jouberts (van my ma se familie) en Marie de Wet wat in die ouetehuis hier in Randburg is. Ekself woon in Roodepoort. Ek het die voorreg gehad om in Nairobi vanaf 2003 tot mid-2007 te werk en in daardie tyd Eldoret en Thomsons Valle skool (nou Nduruma as ek reg onthou) te besoek. Op die plato het ek een aand ene Kruger (sover ek weet die laaste Afrikaner op die Plato) te ontmoet. Hy was egter besig om na Australië te verhuis op daardie stadium.

Ons was vir die periode 2003 tot 2007 woonagtig in Nairobi en die Suid-Afrikaners (expats) se byeenkomste was so gewild dat ons dit meesal in Engels moes publiseer omdat daar so baie Engelse ondersteuning was.

Ek heg hier twee uittreksels aan. Die eerste is die bydrae van my dogter (sy was gekies om die inligtingsblaadjie vir die vrouens te behartig (met pa se hulp natuurlik). (Kyk op bladsy 23, om 'n voorbeeld te sien van die Nuustak se voorblad.)

Tweedens het ek my kans waargeneem om Lengai te gaan klim. Oldoinyo Lengai, soos julle seker weet lê net Noord-Oos, van die Ngorongoro krater en was sowat 50 myl van ons plaas in Oldeani geleë. Tog het ek as kind gehoor van die aktiewe vulkaan maar dit nooit gesien nie. Ek dink julle sal saamstem dis "n asemrowende gesig.


Ek en my dogter het ook Berg Kenia geklim – wat 'n ervaring.



## DAG 1 (vervolg)

### Middagete.

- 'n Blaaskansie langs die pad
- Klein en groot: Die Gerenuk of kameelbokkie, en die Masai kameelperd – het hierdie twee nie iets gemeen nie?





**Heel links:**  
My spies, my brakkie en ek.  
**Middel bo:**  
Foto's wys  
**Middelregs:**  
Ons ry dat die stof so staan



**DAG 1 (vervolg)**  
Die skaduwees word langer

## DAG 2: Waterfalls kampterrein



**Bo links:** Ontbyt by ons nuwe kamp nadat ons die vorige aand donker arriveer het.

**Bo regs:** Dave oefen vir die klim in die kloof.

**Links:** Eers moet die omgewing verken word en moet ons gids reël vir die berg.

Die Engare Sero rivier is die lewensaar vir die Masai

**Onder links:**

Hier is die groot uitdaging, Oldoinyo Lengai wag vir ons.





**DAG 2  
(vervolg)**


**Heel links:**  
Sero Ravyn

**Bo regs:**  
Alfonso  
neem foto's


**Links en  
onder:**  
Die water-  
val is pret.



**DAG 3: Die tyd het aangebreek**



So naby en so ver! Dit sukkelsukkel teen die berg uit, ses ure lank, maar ons bly glimlag.






### DAG 3 (vervolg)



Ons begin lig sien, maar die laaste stoot is die steilste. 'n Maanlandskap lê voor ons. Dit blaas rook en swael en ontplof en skud onder ons voete. Dis maar 3 maande sedert die uitbarsting op 1 April 2006. (Sien p23)







### DAG 3: (vervolg)

#### Ons rus eers, en dan is dit weer ondertoe.

‘n Happie, ‘n slapie, so ‘n blaaskansie voor die steiltes weer terug aangepak word. Mensig! Die berg is só steil en die dors is groot!





### DAG 3: (vervolg)

Af en af ... en  
af, en dan ...  
welverdiende  
rus



**DAG 4:**  
**Die Terugtog**  
Laaste vier foto's –  
onder.



Onder regs: Nakuru  
NG Kerk



Eerste koshuis op Oljororok op ons plaas.

**HOE VAN RIEBEECKSKOOL,  
THOMSON'S FALLS, BEGIN HET**  
Jakob (Toppie) van der Westhuizen  
(gebore 1945) skryf:

*Ek kan net dankie sê aan ons hemelse Vader vir 16 jaar wat Hy my as kind in Kenia gegee het. Albei my ouers is in Kenia gebore en vir my was dit net lekker, sonder enige sorge. Dankie aan al die pragtige mense, en aan julle, my maats, op die lewenspad.*

Ek is in Nakuru gebore en het op ons plaas op Oljororok my eerste jare deurgebring. Ons bure was oom Johan en tannie Hannie van der Westhuizen, Suster van Landsberg, oom Staf en tant Nettie Dry, oom Frans en tant Sara van Dyk, John van Landsberg en Marie van Landsberg. In die omgewing was ook die Pohls, Kemps, De Bruins, De Wets, Krugers en Van Straatens. Gelukkig het ek nog kontak met hulle oorlewende kinders.

In 1947 het 'n klompie boere op 'n koringland staan en gesels oor 'n skool vir hulle kinders, en dit het tot gevolg gehad dat 'n skool op oom Frans van Dyk se plaas gebou is. Die skool is moontlik gemaak deur skenkings van geld, arbeid en boumateriaal. Dit was 'n eenvoudige geboutjie met 'n verskuifbare afskorting in die middel. Daar was ook 'n hoedekamer en 'n kantoortjie. Een gee bouklip, 'n ander ry sand aan, een verskaf 'n messebaar, en dis nie lank nie of die skooltjie staan. 'n Koshuis word ingerig in 'n ou plaashuis op ons plaas. In Januarie 1947 open die

skooltjie. Mev I van der Westhuizen (geen familie nie) en mev Trichard was van die eerste onderwysers.

Gou was koshuis en skool te klein. Met die 1948 Sinode van die Ned Herv en Geref Kerk in Pretoria word gepoog om 15 000 pond te vind vir 'n kerklike kinderinrigting in Oos-Afrika. Op sterkte van die gunstige besluit, word grond op die dorp Thomson's Falls aangekoop. Owers spring self in om die skoolgronde gelyk te kry. In 1950 word 'n kontrak geteken



Owers maak die grond gelyk vir die skool

vir die oprigting van geboue ter waarde van 33 000 pond. Fondse word deur konserttoere en skenkings ingesamel. In Augustus 1951 trek 68 kinders in die eerste voltooide deel van die koshuis in. Die hoof van die skool was oom Chris Fourie.

Die skool het toe nog nie 'n naam gehad nie. Toe kom 'n hoogtepunt – die Van Riebeeckfees van 1952. Dit was 'n groot fees en baie mense het delgeneem – uit Tanganjika, uit die Unie, uit die Kenia regering en uit Eldoret. Ná die fees wou niemand meer huis toe gaan nie, en so kry die Van Riebeeckskool sy naam. In 1953 is ek na die skool en koshuis, en verlaat dieskool in 1961. Altesaam was daar, in die hoërskool sowel as die laerskool, 212 leerlinge.

My oorlede pa, wat baie van skyfskiet gehou het, het 'n .22 skyfskietklub hier in stand gehou.

Ons rugbyspanne onder mnr Brink het baie goed gevaar, en in 1960 wen ons eerste span die beker teen die St Mary Hoërskool van Nairobi. Die wedstryd was 'n voorwedstryd vir Avril Malan se span teen Kenia.

Baie goeie operettes is deur mnr Jacques Loots (Genis van Koöperasiestories), leerlinge en onderwysers, op die planke gebring. Volkspele en speletjie-saande was gewild.

Ek is gedoopt in Olkalou se Geloftesaal deur ds J H Louw. Owers en kinders neem deel aan die muntelegging op dielysie van die kerk waar die gedenkplaat ingemessel is op 7 April 1952 op Thomson's Falls vir die kerk daar.

Wanneer die nuwe kerk later open, is ds JH Louw dan ook ons eerste predikant. As mens dink aan kerk, skool en kultuur, het ons



Die eerste koshuis nader voltooing.

ouers en voorouers ruim byge dra tot ons opvoeding, en ons kan maar net sê dankie.

Ook in die Olkalou omgewing woon gawe mense en ek onthou die Luus'e, Oliviers, Blanchés, Moutons, Von Landsbergs, Daviese, Steyns en Smiths.

Op 13 jaar het ek teen 5 sjellings per dag koring gestroop op oom Hermaanas Steyn se plaas. Ek het by hulle aan huis gebly en dit baie geniet.

In Thomson's Falls omgewing onthou ons die Bormans en Van Rensburgs.

My pa koop in 1953 'n pragtige plasie op Ndaragwa met 'n fore rivier en 'n heerlike klimaat. Hier bou hy 'n gerieflike huis – hy het nog gedink hy en my ma sou daarin aftree. Alle vrugte het goed geaard op die plaas en ons on koejawels, perskes, avokadopere en papajas geniet.

Op die twee paaie na die plaas het die volgende mense gewoon: die Von Landsbergs, Van Blerks, Mullers, Crouses, De Wets, De Waals, Bekkers, Nels, Van Deventers, Retiefs. My pa was lid van Rumuruti se .303 skyfeskietklub en het elke derde Saterag van die maand geoefen of aan kompetisies deelgeneem. In die omgewing was ook die pragtige please van oom Piet en tant Johanna van Dyk – liewe mense – en as kind het ek ons bidure, verjaardae en kuertiye op hulle plaas terdeë geniet. Op oom Willie Muller se plaas het ons hase gejag.

Op pad vanaf Thomson's Falls skeurvallei toe sien mens ook die please van oom Kosie en tant Cilla van Dyk, oom Faan en tannie Elsie MacDonald, en van oom Willem en tant Koba van Dyk. Buit -op kry mens die please van oom Jofie en tant Cora Joubert, en van



**Eerste rugbyspan wat beker gewen het in 1960.**

Vlnr: D Luus, P vd Westhuizen, O Muller, T Davies, (?) Joubert, S Emmie, P Welmans, E Randall, P v Deventer, J Muller, R Taljaard, Van Dyk Kruger, W Prinsloo, S Prinsloo, Voor: G v Rensburg (Kaptein).




**0/14 Rugbyspan van 1960**

**Staande, vlnr:** S Prinsloo, R Retief, A MacDonald, D v Deventer, S Killian, ? Randall, M Steyn, J vd Westhuizen, Dewet Smit.


**Middel:** ? Steenkamp, P v Deventer, J vd Westhuizen, D Brink, K Viljoen, ? Joubert, P de Jager, K v Dyk, T Kruger.

oom Piet en tant Beat van Dyk – meestal mielieplase. Ek dink met heimwee terug aan hulle rol op my lewenspad. Hoewel baie van die mense nog oorlede is, is dit lekker om die meeste van hulle se kinders nog te kan sien.

Ω



**My ouerhuis op Ndaragwa**



# The Nuustak

VOLUME 4  
APRIL 2004

## South African Woman's Association

*Die doel van die huwelik is nie om eenders te leer dink nie, maar om saam te dink.*

*Richard Dobbs*

### WINDSOR COUNTRY CLUB



### SAWA GOLF DAY

The South African Woman's Association held a Charity Golf day on 26th of March at Windsor Country Club. We had a turnover of Kshs 449,500=.. Part of the money will be contributed to Gertrude's Garden Children's Hospital. It was a great success. We want to thank all the ladies involved for their hard work. You did a fantastic job!

The winners are Ted Dieffenbacher & Nancy Ndungu. Ted received shock absorbers from Rob's Magic as the men's prize.

Nancy won a week for two at Minirani from Leading Resorts of the World for the women's prize winner.

### Oldoinyo Lengai: Villagers flee as volcano erupts

#### SOURCE:

Guardian (c)ippmedia,  
Date: 2006-04-01)

Hundreds of villagers living around Mount Oldonyo Lengai in Ngorongoro District have been forced to flee their homes after the volcano erupted on Thursday, 30th. Eyewitnesses said they heard a rumbling noise before the volcano began discharging ash and lava, prompting local residents to flee the area in their hundreds. District officials estimated that about 3,000 people from Nayobi, Magadini, Engaruka, Malambo, Ngaresero, Gelai Bomba and Kitumbeine villages left their homes within a few hours of the eruption, adding that most of them trekked to villages in neighbouring districts.



## Die aap op die dak en ander kerklike kaskenades

Dan Steyn

(met dank aan Elsie Cloete wat my primitiewe Afrikaanse taalgebruik probeer tem het)

**W**aarom enige kaskenade wat naby 'n predikant of ouderling gebeur vir 'n kind so snaaks is, kan ek nie sê nie, maar dis 'n feit soos 'n koei. Daarom seker dat ek nikks uit al die ontelbare preke wat ek moes aanhoor (my pa was ouderling) kan onthou nie, maar dat die onheilighede in en om die kerk vasskop in my kop.

Kom ons begin buite die kerk (NG Gemeente, Eldoret) en werk ons pad na binne, nes die aap – maar van hom vertel ek later.

In my vroegste jare, in die laat 40s en vroeë 50s, was die tradisie nog sterk om met nagmaal tent op te slaan. So onthou ek dat ons bure, die Le Roux familie, gewoonlik al die vorige Woensdag die vragmotor met die tente dorp toe gestuur het. Nou moet julle weet dat waar daar 'n tent is, is daar tentpenne, en met net die flou lig van die ou safari lanterns was daar baie stories oor watter jong man by watter tent *ge-call* het, en wie nou weer oor wie se tentpenne in die donker gevval het. Maar die storie wat ek die beste onthou is van die ouderling wat sy tyd versuim het (seker êrens gestaan en koffie drink) en toe vinnig by sy tent ingeduik het om broek en manel aan te trek en voor die dominee by die konsistorie uit te kom. Nou moet julle weet 'n tent is mos 'n simpel ding sonder 'n deur



Nagmaal in die ou dae – deel van my pa se foto's. Ongelukkig is daar nie 'n datum by nie.

waarteen jy kan klop om jou aankoms aan te kondig of uit te vind wie binne is – en so beland die ou van aangesig tot aangesig met 'n vreemde tannie wat sukkel om die borstrok se knippies in te ryg.

### In die laat 40s en vroeë 50s was die tradisie nog sterk om met nagmaal tent op te slaan ...

Tyd is daar nie om ordentlik te groet of kennis te maak of al sulke plegtighede nie, maar die ou is in die knyp en dit vat nie lank voordat hy by 'n paslike oplossing uitkom nie: "Kyk nig", sê hy, "ons sal later kennis maak, maar nou moet ek in 'n broek in en jy in 'n rok en ander bykomstighede in, en daar is net een genade – en dit is rug teen rug". En so is die twee toe rug teen rug, en boud teen boud in hulle kerkvere in en reg vir die diens.


Nog so 'n buitekerklike en onverwagse ontmoeting tussen 'n ouderling en vreemde lid van die skonere geslag was tydens 'n kerkraadsvergadering. Maar voordat ek daarby uitkom, wil ek darem net eers vir die latere geslagte verduidelik hoe 'n

kerkraadsvergadering op Eldoret daar uitgesien het.

Van tyd tot tyd het al die ouderlinge en diakens hulle kerkvere (d.w.s. swartpak, wit hemp met gestyfde boordjie, manel en sindelike swart hoed) in die middel van die week aangetrek, en dan ingery kerk toe om 'n dag lank oor ernstige kerksake te besin – hemel alleen wat die Engelse en plaasvolk van dié optog gedink het. Verligting vir die innerlike was daar altyd genoeg, want dit was 'n groot eer vir die sisters van die Vrouevereniging om te sorg vir gepaste verversings vir die bende pikewyne.

Nou kan jy dink dat met al die tee en koffie en so meer – en dan nog met die lang sit om oor kerksake en sondes en sulke goeters te besin – is die eerste ding op die lys as daar 'n verposing kom, om te gaan leegmaak – want van die broers was ook nie meer jonk nie en knyp was maar moeilik. En so was daar dan 'n parade af na 'n sekere huisie so omtrent die 20 treë agter die kerk.

Alles goed en wel, maar toe kom die geneuk.



**Eldoret se kerkraad** – ek sou raai erens in die middel 1950s. Die wat ek nog kan onthou is die volgende – en ek waarborg nie dat ek altyd reg is nie. Ek sal die waarvan ek heeltemal seker is se name ondersteep – die ander moet julle maar liewer vir iemand soos Alex vra, hy sal beter weet.

Voorste ry: Onseker; Stoffeltjie Roets; Frank de Lange; Ds Louw (van die Valle); Schalk Steyn; Ds Lieb Loots; Koppie Eksteen; Onseker; Boertjie Bekker

Tweede ry: Will Bouwer; Denton Vorster; Onseker; Onseker; Fairy Engelbrecht; onbekend; onbekend; Adam van Rensburg; ? Keese

Agterste ry: Vic Germishuys (Koster); Onseker; Don Bouwer; Hugo de Waal; Naas Steenkamp; Jim Davis; Onseker; Sonnie Cloete

Die lang man agter is beslis 'n Steenkamp – of dit Naas was, is ek nie heeltemal seker nie – maar ek kan nie onthou dat sy broer (Johannes) ooit op die kerkraad was nie.

Eerstens het die hele gemeente van kindsyd af geweet wie waar hoort – skone geslag links en die res regs. Niemand het gedink om aanwysingsbordjies op die geboutjie te plak nie. (Om die waarheid te sê ek dink ek het die eerste Mans en Dames bordjies hier in die Republiek eers leer ken). Verder, een van die susters wat daar "aan diens" was, het familie gehad – 'n jongerige vrou met 'n baba wat uit 'n ander geweste uitkomstig was en dus nie die uitleg geken het nie.

Laasgenoemde het toe ook 'n behoeftie, sit af na die nodige, maar kies toe regs in pleks van links. Dit vat

haar nie te lank om aan die uitleg binne te sien dat sy verkeerd gekies het nie, maar teen die tyd wat sy weer by die deur wou uit toe het die duiwel al klaar sy kans vir 'n kaskenade gesien, en daar peul die voorpunt van die parade by konsistoriedeur uit met net een doel voor oë. Al genade is toe om skuiling te soek. So grendel sy haar in een van die hokkies in en wag dat die parade verbykom. Sy sit toe tjoepstil todat dit weer stil raak. Toe besluit sy nou moet sy uit – en vinnig. Maar die duiwel was nog nie klaar met haar nie, want twee van die ou pikewyne was nog op pad

(seker 'n wyle vertoeft om met dominus 'n lastige puntjie uit te klaar) en met die uitvlieg by die deur loop sy een van hulle skoon onderstebo – wie die grootste geskrik het, het ek nooit gehoor nie.

Daar is nog meer wat ek van die gewaardeerde "huisie" kan vertel, vernaamlik met wat die jongklomp tydens die nagmaal se uitkampery met die arme nagkar (wat Amerikaners 'n "honey wagon" noem) aangevang het, maar dis iets wat mens liewer nie in ordentlike geselskap kwytraak nie.

Nou al nader aan die kerk – om die waarheid te sê so al om die kerk.

#### Die Van Rensburg

Trek was een van die eerstes met die draai van die eeu van die Suide op Kenya toe – dus so 50 jaar later was daar al 'n goeie oes van die tweede en derde geslag op die Uashin Gishu. Tussen hulle was daar 'n klomp wat die gewoonte gehad het om 'n **k** as **tj** uit te spreek. So vertel my pa hoe hy op 'n dag laat was vir die diens. Toe hy daar aankom, kry hy huis een van die Van Rensburgs wat brom-brom al om die kerk met 'n jong kind aan die hand loop. My pa vra toe so vêrlangs of iets skort. "Ja", se hy "die tjint is stout, hy poep in die tjerkl!"

Nou van buite die kerk na binne – en hier moet ek seker maar eerste van die aap vertel. Oorkant die kerk was Tant Annetjie Smit se huis – en min het die tante nie geken nie want ons het almal die ABC en meer by haar in die eerste jare van ons skoolgaan geleer. Maar my vertelling het nou nie huis met

haar te doen nie, maar met een van haar bure wat 'n mak aap gehad het. So hou ons een Sondagoggend by die kerk stil en hoor die aap het uit sy gevangenis ontsnap en sit op die kerk se dak. Sy baas loop al om die kerk en probeer hom met allerhande gelegtery (en dit nogal op 'n Sondagmorgoen voor die kerk) en grondboontjies aflok – maar tevergeefs. Nou ja, die diens begin en die mense sing en die dominee bid en so gaan dit tot die preek begin. En toe kom ta by die agterdeur in om te kom kyk hoekom dit nou stil raak. Siende dat die dominee reg voor in lyn staan met die loopgang wat tussen die banke deurloop en tot waar ta aan die naderkom was, kry hy so strakkerige uitdrukking en sy sinne kry hy nie meer so mooi agtermekaar ingespan nie. Gelukkig merk een van die diakens wat nog wakker was onraad en sit die aap agterna en die twee is daar uit. As ek nog reg onthou was dit toe nie die einde van die petalje nie, want die diaken was nie lank terug nie toe kom ta vir 'n tweede keer kyk wat binne die kerk aangaan en is hy en die diaken is weer 'n keer skoorvoetend by die agterdeur uit.

Op 'n dag was daar 'n ander vervoetige vriend wat nog meer konsternasie veroorsaak het – so 'n witbont brak, wat ons vandag as 'n tipe Jack Russel sal ken. Waar hy vandaan gekom het weet ek nie, maar skielik was hy hier, daar en oral onder die banke – met net 'n geskuifel van die kerkgangers om te wys waar hy is – nes 'n haas



Legitimasié van die eerste drie Swart evangeliste by die *Bwana Laubscher* sendingstasie  
Voor langs hulle staan Eerwaarde en Mev. Eybers. Ek vermoed die man net agter Eerwaarde Eybers is Eerwaarde Retief (Hoffie Retief se pa), 'n sendeling in die destydse Nyasaland –regs agter staan Ds. Loots.

wat deur 'n land jong koring hardloop.

**Maar wat te erg is, is te erg - vernaamlik vir 'n koster wat op die orde van sy gebied op die hart dra.**

So sindelik soos die situasie dit toelaat, besluit hy om die indringer te probeer vaskeer. Maar nou moet julle weet dat dit van meet af 'n ongelyke stryd was. Die koster kan mos nou nie oor banke klim nie, en in die ry af tussen die kerkbanke deurwikkel tot waar die brak is, is ook moeilik, want dis net knieë, rokke en gesangboeke waar jy kyk. Boonop het die verpesting nog die voordeel dat hy vryelik onder die banke deur kon hardloop.

By dit alles kom daar nog 'n stuk sielkunde by – want 'n mens wat 'n ding begin het en al hoe meer sukkel terwyl andere hom toekyk, gee nie maklik op nie – want hy moet sy punt bewys (of soos die skoolkinders sal sê 'hy moet

sy pose hou"). En so is die koster al hoe meer verbouereerd en die brak, wat begin agterkom het dat hy die prooi is, al hoe beweegliker. Die hele spulletjie hou toe so aan todat sekere lede van die gemeente besef nou moet hulle die arme koster help. Hulle probeer toe ook om die brak vas te druk sodat die koster hom kan bykom, maar dit maak toe dat die hele geneukery net in hoogste rat kom, want die oomblik wat iemand hom vasdruk, tjank hy so dat hy dadelik weer sy vryheid herwin. Die hele spulletjie het eers tot 'n einde gekom toe die brak met 'n gejank by die deur uit is en die koster, kort van asem en met deurmekaar hare, so waardig as moonlik sy sit net duskant die konsistorieder kon kry.

En terwyl ons nou so half besig is met theologiese sake – van die aarde nou na die hemele en die vlieënde wesens – maar laat ek liewer eers by myself begin.

Kyk, as jy 'n kind en 'n langasem dominee in 'n kerk vaskeer, dan lei dit na net een

ding – verveeldheid. So stel jy jou voor jy is so in die omgewing van 9 jaar oud (êrens in die 1950s); jou aandagspan is nie veel langer as 'n mossie se agterbeen nie, en teen die Sondagaand van die nagmaal het jy al ten minste drie lang preke deurgeworrel en sit en doen jy alles in die wêreld om jou verstand aan die gang te hou. Die ligte teen die dak het jy nie net al oor en oor getel nie, maar jy weet ook al hoeveel ouderlinge slaap, hoeveel orrelpype daar is, hoeveel van die kerkhoede jy al voorheen gesien het (vernaamlik die een wat uit bostarentaalverle getower is), watter tannie die vetste is ens. ens. En dan, as jy baie gelukkig is en daar baie goggas is, kom die groot verligting – hoog op, deur een van die klein vensterjies, vlieg daar 'n vlêrmuis binne! Die eerste ding wat natuurlik gebeur is dat die koster meer regop sit en dat een of twee tannies begin rondskuif.

Toe begin vlieg die vlêrmuis met wye swaaie al laer af ...

Aanvanklik gaan dit rustig want die vlêrmuis vang gewoonlik eers van die goggas wat hoog bo om die ligte vlieg, maar soos die goggas minder word, vlieg die vlêrmuis met sulke wye swaaie al laer af – en dit is net waarvoor jy gewag het. Want dit was die jare toe dit hoogmode by die skonere geslag was om hulle hare nes goed gepakte hooimiedens met die hulp van 'n sputkannetjie ook hoog op te stapel. Voeg daarby die

Die monument ter herdenking van die eerste bamboeskermie – dit het op Will Bouwer se plaas gestaan.



algemene geloof dat as 'n vlêrmuis teen jou hare vasvlieg, dan wikel hy hom vas en jy kry hom nie weer daaruit nie, en jy het die volmaakte resep vir die hooimiedens om te wieg op die maat van die vlêrmuis se swaaie, dat die lewe weer kleur kry en jou verveeldheid verdwyn. Jare later het ek skoon heimwee gehad toe 'n soortgelyke toneel hom een aand in Warmbad se kerk in die middel van die somer afgespeel het. Toe was dit nie weer 'n vlêrmuis nie, maar twee jagspinnekoppe wat van die preekstoel se kant af (waar almal hulle duidelik kon sien aankom) onder die kerkbanke ingehol het en 'n soort *Mexican Wave* aan die gang gesit het.

Maar dit was nie net die viervoetiges en die vlieëndes wat konsternasie veroorsaak het nie – die rondekop gediertes het ook hulle deel bygedra.

Voordat ek by my volgende storie kom moet ek

eers 'n uitleg van die binnekant van Eldoret se kerk gee. Die wat die ou kerkie nog onthou, sal weet dat die gebou langwerpig was met die konsistorie aan die een punt en aan die ander punt 'n voorportaal waar die trap van die galerie af gekom het en die deure na buite was. Van die portaal af, tussen die kerkbanke deur tot voor die preekstoel, het 'n lang mat gelê. Ek kom nou weer by die sondebok van 'n mat uit maar laat ek net eers 'n draai by die Steenkamps gaan maak. Nes die Van Rensburgs was daar ook 'n welige klomp Steenkamps waarvan een van die vertakkinge baie lang mense was – ek dink dit was net oom Lang Chris de Jager (Bwana Footisaba – meneer sewe voet) wat langer as hulle was. My storie gaan oor Oom Naas, 'n man van vîr oor die ses voet. Op 'n keer is hy as diaken gekies en soos dit 'n diaken betaam, het hy ook sy beurt met die kollektebordjie gekry. Op 'n goeie Sondag is hy met die kollektebordjie die trap op na die galerie toe – die koninkryk van Tant Frieda en haar koor - ek praat nou van die jare voor die nuwe orrel.

Nou eers weer terug na die mat - met die trap van baie voete oor die jare het die punte van die ou mat al begin opkrul en dit is net waar die duivel sy kans gesien het. Soos met enige steil trap is op nooit die probleem nie maar af is 'n heel ander geneuk. Dus seker maar al konsentrerend op die steil aftrap en die regvat van die kollektebordjie (wat ,as ek nog reg onthou, maar redelik vlak was) vergeet hy van die dekselse mat se opkrulpunt, en



Net na 'n biduur in die Sergioit wyk – waal om my pa daar was sal ek nie kan sê nie. Agter sien ek my Oom Flippie, een van die Steenkamps and ook een van die Vorsters. Heel regt (half uit die foto uit) is Oom Sonnie Cloete en skuins voor hom met die wit hoed en donker bril is Tant Johanna.

sy voet hak vas, en die stomme man slaan neer (al ses voet en meer van hom), en die kollekte saai soos mieliepitte oor die gemeente. Terwyl ons nog in die portaal is, moet ek julle van 'n verdere petalje vertel wat hom daar afgespeel het. Wat min sal onthou, is dat die portaal eintlik twee stelle deure gehad het wat reg teenoor mekaar gesit het. Die rede waarom hulle nie sal onthou nie, is waarskynlik om die een stel deure nooit gebruik is nie. Wel eintlik amper nooit nie – maar wag, ons kom net nou daarby uit. Op Kersoggende was die kerk gewoonlik op sy volste (selfs my ou Skotse oupa wat maar min Afrikaans verstaan het, is Kersoggende saam kerk toe) en het dit maar druk gegaan om uit te kom na die amen van die laaste dankgebed – want dan dan lê famieliefeste, gestopte kalkoene, kerskoeké en jellie voor. Op so 'n Kersoggend, met al die gedruk

en gesukkel om uit te kom, besluit een van die jong

met die viering van Geloftfees by die saal op Plateau, het die vlag (terloops die enigste dag waarop ons die vierkleur wettig kon hys) altyd geklap soos hy waai. Nou terug na Kersfees en die diaken en die deur – wat hy nie geweet het nie is dat die een stel deure letterlik in die tandé van die wind gesit het en daarom nooit gebruik is nie. Dus toe hy oopmaak, toe lyk dit na 'n Spaanse karneval met rokke en onderokke wat kompeteer om te sien watter die hoogste kan pronk – dit was natuurlik nie net die jare van die hoomiedens op die kop nie maar ook van die wye rokke en onderokke.

Van Eldoret se kerk het ek nou genoeg vertel, dus kom ons maak eers 'n draai



Die NG Kerk op Eldoret – ek dink die lang blou motor was Oom Sonnie se Fairlane.

diakens dat dit sommer nonsens is dat net die een stel deure gebruik word en hy maak die ander twee ook oop.

Maar nou moet ek eers weer my storie onderbreek om julle so 'n ietsie van Kenia se weer te vertel. Daar was natuurlik nie winter en somer nie, net nat en droë maande wat weer van die moesonwind afgehang het. Ek kan goed onthou dat die moesonwind in Desembermaand op sy ergste was, want op 16 Desember,

by die bidure – tradisioneel elke eerste Sondag van die maand in die verskillende wyke gelei deur ouderlinge – "sodat dominee darem ook 'n ruskans kan kry".

Siende dat my pa vir die grootse deel van my latere laerskooljare die ouderling van die Vebrandebos wyk was, het ek met tyd 'n taamlike kenner van bidure en slegte paaie geword. Verbrandebos was nie net in 'n streek wat

meestal nat en koud was nie (al het dit feitlik op die ewenaar gelê) maar wat beslis ook die ergste bulte en modderpaaie gehad het. So onthou ek nog hoedat daar een Sondag 'n ou halfpad deur die biduur vol modder op 'n trekker daar aangekom het – met nikanders kon hy van sy plaas af wegkom nie.

My pa het in sy wyk 'n oubaas gehad wat so doof soos 'n kwartel was ...

Nes met die kerk het die biduur - kaskenades ook maar om mens en dier gedraai. Maar laat ek net eers die agtergrond skets. Die biduur in 'n bepaalde wyk is beurtelings by die verskillende ledemate in die wyk gehou. So word daar dan op die Sondagoggend by een van die lidmate vergader onder die leiding van die ouderling en dan word daar ook maar, nes in die kerk, gesing, gepreek en gebid.

Een verskil van die kerkdiens is dat gedurende die biduur op 'n keer gekniel word en dan kry enigeen wat wil die kans om hardop te bid. Dit is alles goed en wel behalwe dat my pa in sy wyk 'n oubaas gehad het wat so doof soos 'n kwartel was en 'n soort van 'n skrikbewind onder die ander lede gevoer het. Terwyl almal hulle oë oop gehad het, was dit nie probleem nie want hy kon goed volg wat aangaan, maar met die knielery met oë toe was die arme siel letterlik en figuurlik in die donker. Ek kon natuurlik nie wag om te hoor wie hy vandag weer onder stof gaan bid nie – want een van



die dappere siele is net goed besig, dan sit die ou in en dan is daar nie kans verder vir die arme broer of suster nie.

Op die dag toe die ou met die trekker halfpad deur die biduur daar aangekom het, het dinge al vroeër begin verkeerd loop want eers was dit nie 'n mens nie maar 'n voël wat sake ontwig het. By die betrokke huis was daar buite op die stoep twee papegaai in 'n hok. Eers het hulle al die vreemde mense tjoestil gesit bekyk, maar toe die eerste gesang ingesit word, kon hulle dit nie meer hou nie en die een kom by met *Brandewyn laat my staan*. Sy baas het nie te veel gedink van die papegaiae se pogings om by die biduur aan te sluit nie en albei is verban na waar niemand hulle kon hoor nie.

Maar dit wil my lyk dat papegaiae maar 'n gewoonte het om hulle baas in die skande te steek as die dominus of ouderling verby kom – so vertel my pa van 'n keer toe hy en ds Loots op huisbesoek in die Kongo was en by een van die Engelbrechts daar uitgekom het. Die ou het gerook, en soos dit maar met 'n ou roker

gaan ,het hy elkeoggend 'n paar goeie hoese ingesit om sy lange skoon te kry. Buite op die stoep het hy 'n klomp papegaiae gehad wat die oomblik wat hy begin hoes het ook ingesit het met 'n gehoese. Blybaar het hy dit nie altyd snaaks gevind nie en soms hom vererg en onderlangs "Die verdomde papegaai" gebrom. Maar soos julle sal weet, is 'n papegaai 'n soort van bandopnemer met vere – dus dit was nie te lank nie toe begin die van die papegaiae nie net saam te hoes nie maar brom toe ook agterna "Die verdomde papegaai".

Weer terug na die bidure en die keer 'n onstuimige ontmoeting van mens en dier. Dié een was ek nie self by nie want dit het op Patatadraai by my oom Eduard-hulle gebeur. Dit was ook biduur en my oom was die ouderling – en hulle sit almal in die voorkamer. Een van die biduurgangers was 'n baie vet seuntjie (sal liewer nie name noem nie) wat, soos die gewoonte was, saam met die mans moes staan terwyl die ouderling bid. My oom het seker maar die gebed gerek

want toe hy amen sê toe val die die kleinman letterlik terug in sy stoel – maar nie vir lank nie want met ‘n gespoeg, geblaas en gekrap vlieg hy weer op met erg gekrapte boude. Gedurende die gebed het een van die huiskatte homself stilletjies op sy gunsteling stoel kom tuisgemaak en toe hy nie net byna deur iets uit die hemele doodgeval word nie maar ook deur twee boude versmoor word toe is daar net een genade – byt en krap.

En nou van die Uashin Gishu na die Valle, Thomsons Falls, deesdae genoem Nyahururu. Aangesien Van Riebeeck ‘n kerkskool was en die kerk ook nog so skuins oorkant die pad was, het ons natuurlik genoeg daar gekom - beslis elke Sondag, en van nagmaal wil ek nie eers praat nie.

Nou wil dit my lyk of die duivel vir elke streek ‘n ander tema gehad het – en in die Valle het dit oorwegend om die orrelis gegaan, terwyl in Eldoret daar nooit ‘n gesukkel met die orrelis was nie.

... dié keer ‘n ontstuimige ontmoeting tussen mens en dier ...

Van so vroeg as wat ek kan onthou, was dit Tant Frieda van Heerden wat vroeër jare op die galery die ou trapoorreltjie gepomp het. Toe die nuwe orrel later ingebou is, het die orrelis onder net reg van die preekstoel gesit. Bo of onder, oud of nuut, was daar nooit ‘n geneuk met die orrelis nie – nou ja, nie heeltemal nie.

Tog, op ‘n dag het oom Arrie Burggraaf, ‘n Hollander

wat ook ‘n aantal jare orrelis was, by *Gailey & Roberts* ingeloop en vir oom Vic Germishuizen (wat daar gewerk het en ook ‘n diaken was) vir ‘n “poepketel” gevra – die storie het soos ‘n veldbrand deur die gemeente versprei – maar aangesien dit nou nie juis met die kerk iets te doen het nie sal ek dit maar daar laat. In die Valle het die orrel in die



Alida Smit (Steenkamp) wat later jare orrelis was.

vroeër jare sy asem blykbaar gekry van ‘n siel of twee wat agter die orrel in ‘n hokkie gesit het, en wanneer nodig gepomp het dat dit bars. Teen die tyd dat ek daar skoolgegaan het, was dit al iets van die verlede en was daar ‘n elektriese pomp – maar die kamertjie agter die orrel was nog steeds daar, en dit was natuurlik net wat ‘n skoolseun nodig gehad het. Daar was een ou en sy pêl (ek kan ongelukkig nie meer die name onthou nie) wat toe so van tyd tot tyd, voor die diens, in die kamertjie agter die orrel ingeklim het en hulle tuisgemaak het vir die “sports” as die orrelis lostrek.

Soos julle sal weet, bestaan ‘n orrel se klank uit wind wat deur verskillende

pype, wat in dikte en lengte verskil, gestuur word – en dus volg dit dat die wind deur die pype nie net moet in nie, maar ook moet uit. En dit is net waar ons twee grappmakers in die prentjie kom. Hulle wag todat hulle hoor hoe die wind by ‘n bepaalde pyp uitkom, dan dan druk hulle die opening in die pyp toe en sy stem raak weg. Die arme orrelis druk dan vir al wat sy kan op die sleutel (en vloek seker saggies onderlangs) maar tevergeefs. Om nie te opsigtelik te wees nie, wag hulle dan vir ‘n rukkie todat alles weer goed vloeи en dan kies hulle weer ‘n ander pyp. So het dit aangegaan – en of hulle ooit gevang is, kan ek julle nie sê nie.

Ek het in 1961 op Van Riebeeck gekom, ‘n jaar waarin daar ook ‘n hele paar onderwysers van die Unie af daar aangekom het – onder andere ‘n baie senuweeagtige tannie wat toe ook as die kerk se orrelis aangestel is. Ek weet nie wat haar senuwees se oorsaak was nie – die algemene opvatting in die seunskoshuis sal ek ook liewer nie herhaal nie, want dan ruil ons dalk oorsaak met gevolg.

Die eerste moles het gekom met ‘n doopdiens. Die tradisie was dat die dominie eers die babas doop (d.w.s. die gewone gesprinkel van water en maervark geskree van die gemarteldes) en dan onmiddellik daarna doen hy ‘n gebed, en dan word daar gesing. Maar op daardie dag het die dominie en die tannie-orrelis nie mooi gesynchronise nie, dus toe die

dominie wegval met die gebed, trek sy die orrel se stembande oop – die petalje het 'n ent angehou met die tannie-orrelis wat oorhand het, want watter dominee kan met waardigheid 'n orrel aanvat? Oplaas besef sy dat niemand saamsing nie, trek die orrel se keel toe, en gee 'n verskrikte dominie weer kans.

#### Vir ons

koshuisgangers was dit die ergste om onsself in toom te hou, want voor die wedloop tussen die orrelis en die dominie was ons lagspiere al goed *geprime* deur 'n ou met 'n kaalkop en 'n yslike paar bakore (*wing-nuts*) wat ook kind laat doop het. Hy het seker maar min ervaring in dié soort seremonie gehad, want toe al die ouers in 'n halwe kring voor die dominie en die doopbak staan, besluit die ou bul om om te draai en eerder vir die gemeente te kyk – todat sy vrou hom met 'n elmboog in die ribbes tot orde geroep het. Gelukkig het die bloedjies waarom dit alles gegaan het, niks van al die petaljes geweet nie – net die ongeskikte oom wat hulle natgooi wat vir hulle 'n probleem was.

#### Terug na die orrelis.

Soos ek gesê het, latere jare het die orrel in die Valle 'n elektriese windpomp gekry, dus het dit onbeperkte asem gehad totdat die orrelis skakelaar afsit – iets wat sy gewoonlik na elke gesang doen. Daarna soek sy musiek om reg te wees vir die volgende gesingery. Toe op 'n goeie Sondag begelei sy weer



'n gesang, en toe almal weer sit en die dominus sy sê begin sê, soek sy na die volgende stuk musiek. Daar was egter nêrens vir die stomme mens plek om die swaar boeke met musiekstukke neer te sit nie as bo-op die orrel bokant die klawers. Dié dag, seker maar in haar senuagtige haas, vergeet sy om die windpomp af te skakel en daar voeter twee of drie dik boeke af op die sleutels – en met die oorverdowende geluid uit die orrel se keel styg die meeste gemeenteleden, en sekerlik dominus ook, *hoger de lug in* as wat die boeke gevallen het.


Dit was die einde van die tannie en die orrel. Een van die senior skoolmeisies is gevra om liewer die joppie by die orrel oor te neem.

Noudat ek van ander se sorge geskinder het, sal julle wonder of daar nooit iets met my gebeur het nie. Eintlik ja – eenkeer in Eldoret en die ander keer in die Valle. Nog in die laerskool speel ek en my neefs en niggies eendag na kerk (met ons kerkleres nog aan) by my tant Martie in die tuin en ek puk 'n paar lieflike pers-oranje peule wat ek vir my

pa wou wys en sit hulle in my baadjie (*blazer*) se sak. Ek vergeet toe van die peule todat ek die volgende keer die baadjie aantrek kerk toe. So onder die dominee se lang gebed vroetel ek (seker weer uit verveling) in my sakke rond en kry die peule in die hande. Teendié tyd het van hulle

oopgebars en was die sak vol klein pitjies. Dit pla my min todat ek, nog verveeld, aan my gesig begin vat en my oë vee en dit soos vuur begin brand – die res kan julle raai want die lieflike peultjies was niks anders as rissies nie.

Op die Valle het ons vir elke diens in 'n ry van die koshuis oorgestap kerk toe en op die gras voor 'n sydeur gesit todat die diaken die deur oopmaak en ons binnegaan. Op 'n dag, terwyl ons wag, is daar 'n skielike gekriewel en 'n gegryp van een van die ouens, en toe nog een, en nog een. So is die hele klomp van ons naderhand aan die kriewel en gryp na verskeie dele van ons anatomieë – en die rede, rooimiere - nié die spreekwoordelike soort nie. Die gras waar ons gesit het, was vol miere – en dié wat die peste ken, sal weet dat hulle eers na 'n rukkie byt. Daar was die teorie dat hulle eers versprei en dan, op een of ander manier, mekaar laat weet: *Nou is dit tyd om te byt, kêrels* – ek dink dit was eerder as hulle vasgedruk word, maar wie sal weet?




## KENYA'S UHURU

12th December, 1963

A personal message from the  
Hon. J. Kenyatta, M.N.A., Prime  
Minister of Kenya.

*I send the good wishes of  
the people of Kenya to the people  
of all countries of the world on the  
joyous occasion of our long-awaited  
Independence on 12th December,  
1963.*



### UHURU GREETINGS POSTCARD

To mark the date of  
**KENYA'S UHURU**  
12th December, 1963  
this greeting card is  
sent to you.

From

**H A R A M B E E !**

RETURNED TO  
SENDER

**TERUG AAN SENDER**

*Habaris posted to the  
following names were  
returned.*

*Habari's wat na die volgende name gestuur  
is, is teruggestuur.*

**Kruger Japie Centurion**

**Laubscher Koos Middelburg**

**Luijs Koba Witbank**

**Malan W C Hopetown**

**Odendaal Lena Randgate**

**Olivier Mev Phil Melkbosstrand**

**Pienaar Ds Onverwaght**

**Steenkamp EL Lyttleton**

**Steenkamp PFJ (Frans) Delmas**

**Van den Berg Elsie Nelspruit**

**Welmans Mellie Welkom**

**Wessels Nellie Pyramid**

